LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 10
19 Maart 2020

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

EINDE VAN EERSTE KWARTAAL
Ons kyk terug na 'n eerste kwartaal wat verby gevlieg het en 'n Paasfees wat op hande is. Ons is dankbaar aan ons Skepper vir al Sy seëninge wat Hy oor ons skool uitstort.

Ek wens almal 'n rustige en lekker vakansie toe. Spandeer tyd as gesin saam, ry veilig en kom uitgerus terug.

MEEGEVOEL
Ons innige meegevoel gaan aan die Thiart familie (Aidan) met die afsterwe van hul geliefde ma en ouma. Mag hulle as gesin die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie moeilike tyd beleef.

OUMA- EN OUPADAG
Ouers wat reeds gelde inbetaal het, kan dit by die kantoor kom afhaal. Sodra 'n nuwe datum bepaal word, sal dit aan u deurgegee word.

DIE SKOOL OPEN OP DINSDAG, 14 APRIL 2020 OM 08:00

SKOOLDRAG
Leerlinge trek volgende kwartaal nog steeds somersdrag aan, maar wanneer dit koud is kan hulle die korrekte wintersdrag aantrek. Vanaf 4 Mei 2020 sal wintersdrag verpligtend wees. Onthou asseblief dat sweetpakbaadjies nie deel van wintersdrag is nie.

Graad 1 – 3 leerlinge trek op die dae wanneer hulle LO het, LO drag met hulle skoolsweetpak en tekkies aan. Dae sal deur onderwysers deurgegee word.

OUEROGGEND- EN AAND OP 20 APRIL 2020 OM 07:30 – 08:00 EN 18:00 – 19:00.

OUERINLIGTINGSVERGADERING OM 17:30 IN DIE SKOOLSAAL

KWARTAALBEPLANNING
Sien meegaande skrywe van die skoolhoof.

EPOS
Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

ADVERTENSIE

Kids Right to Sight: Spec-Savers is committed to the future leaders of South Africa. Our KIDS RIGHT TO GOOD SIGHT initiative ensures that all children between the ages of 6 and 12 are entitled to a FREE eye test, a FREE frame as well as FREE clear, single vision Aquity lenses.

Since the inception of this campaign in February 2008, Spec-Savers has assisted over 300 000 children with free eye care and eyewear.

For more information go to https://www.specsavers.co.za/offer/kids-right-to-good-sight-2.

SPORT

RUGBY
LORRAINE SPORTDAG, 14 MAART 2020, UITSLAE

Span	Laer Volkskool	Clarendon	Bonzai	Stirling
o.13	0	5		
o.13	20		0	
o.13	15			0

HOKKIE
Op Saterdag, 14 Maart 2020, het die o.13A hokkiedogters aan 'n toernooi by Laerskool Lorraine deelgeneem. Die dogters het baie goed gedoen. Die uitslae is soos volg:

Span	Laer Volkskool	Riebeek	Charlo	Lorraine	Priory
o.13	1	0			
o.13	0		0		
o.13	0			1	
o.13	0				0

NETBALKLINIEK
Laer Volkskool het die naweek van 13 en 14 Maart 'n Netbalkliniek vir die o.7 tot o.13 Netbaldogters aangebied. Die o.14 dogters van Hoër Volkskool het ook deelgeneem.

Die kursus is aangebied deur Reg Sharp, Jenny Sharp en Zea-Dine Januarie. Reg Sharp het alreeds in sy loopbaan 150+ nasionale kursusse en werkswinkels aangebied vir meer as 2500 afrigters en 6000 spelers.

Jenny Sharp het as OP-speler, bestuurder en afrigter van verskillende klubs en skole opgetree en is steeds betrokke by afrigting van hoërskoolspanne en selfs voorskoolse groepe.

Zea-Dine Januarie het SA Skole netbal gespeel, Oos-Kaap Aloes Provinsiale span en was deel van die Suid-Afrikaanse onder 23 groep.

Tegnieke en vaardighede is oor die 2 dae ingeoefen en die afrigters en spelers het baie geleer.

'n Groot dank en waardering word uitgespreek teenoor die volgende borge wat dit moontlik gemaak het vir die spelers van Laer Volkskool om hierdie netbalkliniek te kon bywoon:

Drostdy Hotel; Spar; Melamine Corner; Graaff-Reinet Hardware; N1 Construction; Healthy Skin (Carlin Loots); Drostdy Toyota; Siemens Garage; Compu Serve.

SWEM
LEVEL 1 INTER DISTRIKTE GALA
Op Saterdag, 14 Maart 2020 het 1 van Laer Volkskool se swemmers aan die jaarlikse Level 1 Inter Distrikte Gala te Newton Park deelgeneem. Zenicke van Schalkwyk het goed gevaar en haar uitslae was as volg.

Naam	Geslag	Ouderdom	Slag	Plek	Tyd
Zenicke v Shalkwyk	Dogters	o.10	100m Kruipslag	7de	1:44,09
	Dogters	o.10	50m Rugslag	6de	50,56
	Dogters	o.10	50m Kruipslag	11de	46,76

Baie geluk Zenicke ons by Laer Volkskool is baie trots op jou.

ATLETIEK

Baie geluk aan die volgende atlete wat puik prestasies behaal het tydens die Oos-Kaap Atletiekbyeenkoms.

NAAM	PLEK	OUDERDOM	ITEM
Marizel Marais	3de	D.10	70m Hekkies
Deidré Alberts	2de	D.10	Verspring
	2de	D.10	100m
	1ste	D.10	80m
	1ste	D.10	Aflos

Baie geluk aan hierdie atlete. Die volgende atlete ontvang ook hulle half-erekleure vir atletiek:

Marizel Marais; Deidré Alberts; Alecia Louw; Youven Kiewiets; Vincent Pienaar en Elromeo van Heerden.

Baie geluk aan hierdie atlete!

GEDAGTE VIR DIE WEEK

DIE GELOOFSTOETS

Here, help my om aan U vas te hou,
elke dag van my lewe op U te vertrou;
ek wil U volg sonder vrae of twyfel,
in die toets van geloof wil ek nie weifel.

Psalm 26: 2-3

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hoof@laervolkskool.org
Tel: 049 8910803

GESTIG 1922

LAER VOLKSKOOL GRAAFF-REINET

Tel. 049 – 8910 803
Faks: 049 – 8910 802
Sel : 072 170 2045
E-Pos: hoof@laervolkskool.org
Skoolhoof : Mnr D Joubert

Posbus 253
GRAAFF-REINET
6280

Geagte Ouers

Hierby aanvullende inligting ten opsigte van reëlings aangaande die situasie rondom die COVID-19 virus en die sluiting van die skool. Hierdie reëlings word geimplimenteer in lyn met departementele voorskrifte en omsendskrywes van die betrokke bestuursliggame.

Die skool open voorlopig weer 14 April 2020 om 08:00.

Alle sportwedstryde, byeenkomste en aktiwiteite vir Maart en April word gekanselleer of uitgestel. Die kalender sal uiteraard verander en aan die begin van die tweede kwartaal beskikbaar gestel word. Dit behels die volgende.

19 Maart:	Interne Redenaars – gekanselleer
20-22 Maart:	Union Festival – gekanselleer
23-25 Maart:	Karoo Hokkiekliniek - gekanselleer
4 April:	Sport vs Burgersdorp – gekanselleer
4-5 April:	OP o.13 Hokkieproewe - gekanselleer
14 April:	Tennis vs Union – gekanselleer
17 April:	Oos Kaap Netbalproewe - gekanselleer
18 April:	Sport vs Albertyn – gekanselleer
20 April:	Skaak Toernooi (tuis) - gekanselleer
25 April:	Sport vs Newton Park – gekanselleer
16 April:	Sokkie -- gekanselleer

27-28 Maart:	Nasionale Atletiekbyeenkoms: Laerskole word uitgestel
9 April:	Ouma en Oupadag word uitgestel
23 April:	Kultuuraand word uitgestel
24 April:	Opedag word uitgestel
8 Mei:	Despatch Kunstefees is uitgestel na 3-7 Augustus

Die Departement van Gesondheid het 'n "Whatsapp" diens van stapel gestuur waar inligting en nuus aangaande die COVID-19 virus bekom kan word. Voeg die nommer 0600123456 as 'n kontak op u foon en tik "Hi" in die boodskapblok. Verdere instruksies kan dan maklik gevolg word.

Die skool sal volgens die leiding van die departement u op hoogte hou van enige ander verwikkelinge.

Die skool stel die leerlinge, personeel en ouers se beste belang voorop en daarom glo en vertrou ons dat u as ouer die bogenoemde sal verstaan en die skool sal ondersteun in die besluitneming en reëlings.

Groete

D.Joubert
D. Joubert